## 20 Junie - JOSEF

**Skrifgedeelte: Genesis 39 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Genesis 39:21**

In hierdie hoofstuk lees ons twee keer dat die Here by Josef was – die eerste keer in vers 2 en dan weer in vers 21.

Die hoofstuk begin waar Potifar vir Josef as slaaf koop en oor sy hele huishouding aanstel. Die Here was voorwaar by Josef en alles het goed gegaan, maar dan kom daar 'n wending van vers 6 af. Josef word versoek en Potifar se vrou wil hom verlei. Onskuldig word hy in die tronk gegooi. Was die Here steeds by hom – ook in sy versoeking?

Ons moet duidelik onderskei tussen beproewings en versoekings. Beproewings kom van God en in God se liefde wil Hy ons geloof louter, sodat dit sterker kan word en ons in ons verhouding tot Hom mag groei.

Versoekings is van die duiwel. 'n Versoeking is 'n uitnodiging om sonder God en buite God se wil te leef. Versoekings kom nie van God nie (Jak 1:13).

In versoekings het jy altyd die keuse: om die regte te ding doen in die oë van die Here (sy wil), of om teen God se wil te kies.

Het ons regtig 'n keuse? As dit van onsself afgehang het, sou ons altyd die verkeerde keuse gemaak het. Ons is van nature geneig om God en ons naaste te haat. Versoekings lê binne in ons. Versoekings lê nie in die mooi vrou of in armoede of in die wyn wat ons drink nie.

Uit onsself kan ons dus nie 'n keuse maak nie, want ons sou altyd die verkeerde kies, maar Christus het ons te hulp gekom. Hy het aan ons sy Gees gegee om versoekings te weerstaan; om die regte keuse te maak; om soos Josef weg te vlug (letterlik) van verleiding en sonde.

Ons kan dit doen, want God is by ons, ja, ook in ons versoekings.

*Sing: Psalm 38:1, 17 (1936-beryming)* *Ds LP van Jaarsveld (Brakpan-Suid)*